**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com

Province of the
**EASTERN CAPE**
EDUCATION

[redacted]

# GRAAD 12

## SEPTEMBER 2012

# AFRIKAANS HUISTAAL V3

**PUNTE:** 100

**TYD:** 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Langer Transaksionele Tekste | (30) |
| AFDELING C: | Korter Tekste: Transaksionele, Naslaan- en Informatiewe Tekste | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (bv. ’n breinkaart/diagram/vloeidiagram/kernwoorde, ens.), proeflees en redigeer. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.

   Alle beplanning moet duidelik aangedui word en daarna netjies deurgehaal word.

7. Jy behoort ongeveer 80 minute aan AFDELING A, 40 minute aan AFDELING B en 30 minute aan AFDELING C te bestee.

8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Voorsien elke teks van ’n gepaste titel/opskrif. LET WEL: Die titel/opskrif word nie in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**AFDELING A: KREATIEWE TEKSTE (OPSTEL)**

**VRAAG 1**

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n OPSTEL van 400 tot 450 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui die vraagnommer en die onderwerp duidelik by die finale skryfstuk/teks aan.
- Dui die lengte van jou skryfwerk aan. Tel die woorde en dui dit tussen hakies aan die einde van die skryfstuk aan.
- LET WEL: Trek 'n streep deur die beplanning NADAT jy jou finale poging oorgeskryf het.

1.1 ~~Ja~~, ~~nee~~, j ~~ja~~, ~~nee~~, ja! **[50]**

**OF**

1.2 Die langste drie minute in my lewe ... **[50]**

**OF**

1.3 Emigrasie: 101 redes waarom dit beter is om in Suid-Afrika te bly of om te gly. **[50]**

**OF**

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


1.4

**AS EK KON KLOON**

[50]

**OF**

1.5

Stille nag, Heilage nag

Wanneer kry djulle dan klaar
moet die song?

Gwaan loop, djy's naar –
Bethlehemster flikker dan nou elke djaar
hellerder innie O.K. Bazaar!

Adam Small

[50]

**OF**

1.6 1.6.1



(Uit: Die Burger Galery) [50]

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**OF**

1.6.2



(Internet: Ben Goossens) **[50]**

**OF**

1.6.3



(Internet: Ben Goossens) **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE**

**VRAAG 2**

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n skryfstuk van 180 tot 200 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui die vraagnommer en die onderwerp duidelik by die finale skryfstuk/teks aan.
- Dui die lengte van jou skryfwerk aan. Tel die woorde en dui dit tussen hakies aan die einde van die skryfstuk aan.
- LET WEL: Trek 'n streep deur die beplanning NADAT jy jou finale poging oorgeskryf het.

2.1 **BRIEF VAN SIMPATIE/MEEGEVOEL**

Een van jou hoërskool-onderwysers het onlangs 'n kind in 'n motorongeluk verloor. Skryf 'n brief waarin jy met hom of haar simpatiseer. **[30]**

**OF**

2.2 **VERSLAG**

Jy is deur jou skoolhoof gevra om ondersoek in te stel na sake wat leerlinge in jou skool ongelukkig stem. Skryf 'n kort VERSLAG waarin jy jou bevindinge en 'n paar aanbevelings aan die hoof deurgee. **[30]**

**OF**

2.3 **BRIEF AAN PERS**

"Kinders glo die dood is omkeerbaar en verstaan nie aldag die betekenis en effekte daarvan nie. Drie tieners is gearresteer in verband met die wrede moord op 'n vyfjarige seuntjie van hul woonbuurt. Wat is besig om met ons kinders te gebeur?"

Skryf 'n BRIEF AAN DIE PERS waarin jy jou mening oor bostaande aangeleentheid gee. Rig jou brief aan: Die Redakteur, Die Burger, Posbus 12, Kaapstad, 8000. **[30]**

**OF**

2.4 **TOESPRAAK**

Jy kry die geleentheid om 'n toespraak vir die matrieks te lewer oor:

**Die horlosie word ons baas en jaag ons in verskillende rigtings, maar positiewe gebruik daarvan kan jou net tot voordeel strek.**

Dui in jou toespraak die belangrikheid van beplanning aan en motiveer hulle om vroeg te begin werk. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING C: KORTER TEKSTE: TRANSAKSIONELE/NASLAAN-/INFORMATIEWE TEKSTE

**VRAAG 3**

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n skryfstuk van 100 tot 120 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui die vraagnommer en die onderwerp duidelik by die finale skryfstuk/teks aan.
- Dui die lengte van jou skryfwerk aan. Tel die woorde en dui dit tussen hakies aan die einde van die skryfstuk aan.
- Grafiese ontwerp mag gebruik word, maar dit tel nie punte nie.
- LET WEL: Trek 'n streep deur die beplanning NADAT jy jou finale poging oorgeskryf het.

3.1 **DAGBOEKINSKRYWING**

Iemand wat jou vyandiggesind is, het iets baie lelik van jou op die internet versprei. Jy weet nie hoe om die situasie te hanteer nie en stort jou hart uit deur 'n DAGBOEKINSKRYWING te maak. Skryf jou gevoelens en gedagtes oor hierdie hartseer aangeleentheid neer. **[20]**

**OF**

3.2 **PLAKKAAT**

Jy wil graag ekstra sakgeld verdien deur individuele foto's van leerlinge te neem. Maak 'n PLAKKAAT wat jy op die kennisgewingborde by jou skool kan plaas om hierdie geldmaakpoging van jou te adverteer.

LET WEL: Dié is 'n informatiewe teks. Jy sal dus GEEN punte vir versiering verdien NIE. **[20]**

**OF**

3.3 **INSTRUKSIES**

Jou vriend/vriendin is gedurig in 'n stryery met een van sy/haar ouers betrokke oor selfs die onbenulligste goed denkbaar. Gee aan hom/haar instruksies oor hoe om die verhouding te normaliseer of selfs te verbeter. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**

**GROOTTOTAAL: 100**

Downloaded from eduresourceza.com